



## Beroking: Groot risiko's as wet oortree word

Die beroking van graan en oliesade is nie 'n kwessie wat ligtelik opgeneem moet word nie. Nuwe diensverskaffers plaas die goeie naam van die bedryf op die spel.

**T**oenemende kommer heers oor die maklike beskikbaarheid van geregisteerde gevaarhoudende middels vir beroking en die ongeoorloofde verhandeling daarvan. Daarby is die opleiding van berokers en hul assistente deur nuwe diensverskaffers swak. Laasgenoemde verontagsaam die bedryf se hoë opleidingstandaarde.

Die Wet op Misstawwe, Veevoere, Landboumiddels en Veemiddels (Wet 36 van 1947) bepaal dat enige persoon wat vergoed word om die beroking van graan en oliesade uit te voer, as 'n plaagbekampingsoperateur geregistreer moet wees. Dié vereiste geld vir enige persoon wat in die loop van sy besigheid, nywerheid of handel 'n plaagbekampingsmiddel gebruik om plaagbekamping te doen.

Produsente wat graan en oliesade vir kommersiële doeleindes in hul eie geriewe opberg, moet hulle ook vergewis van die wetlike vereistes wat met beroking verband hou. Indien die wetlike vereistes nie nagekom word nie en 'n voorval vind plaas, kan 'n eis teen die produsent en berokery-onderneming aanhangig gemaak word.

Produsente moet veral op die volgende wetgewing let voordat hulle besluit om opbergingsgeriewe op die plaas op te rig:

- Wet 36 van 1947.
- Die Wet op Gevaarhoudende Stowwe (Wet 18 van 1973).
- Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval (Wet 59 van 2008).
- Die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid (Wet 53 van 1993).

Die koste en risiko verbonde aan graanbestuur, waaronder monsterneming, gradering en beroking, behoort deel te vorm van ondersoek oor die ekonomiese lewensvatbaarheid en finansiële uitvoerbaarheid van 'n voorgenome oprigting van opbergingsgeriewe op 'n plaas.

### Groot risiko as wet oortree word

Buiten die eienaar en werkers loop die versekeraar en finansier van die graan ook 'n risiko indien die opbergingsgerief nie volgens die wetlike vereistes reg bestuur en beroking nie korrek gedoen word nie.

Vanweë die vereiste onderhoudstydperke wat met die onderskeie berokingsmiddels saamgaan, mag opbergers nie hul produk na die eindverbruiker uitlaai voor dié tydperk verstryk het nie. Dit is 'n wetlike vereiste waaraan voldoen moet word. Markdeelnemers kan nie van opbergers verwag om die wet te verontagsaam om vroeër as dit uit te laai nie.

Die onoordeelkundige gebruik van berokingsmiddels deur plaagbekampingsoperateurs wat nie voldoende opgelei is nie, stel mense se lewe in gevaar. Dit stel ook die betrokke produsent, werkgewer en bestuurder aan vervolging bloot. Indien die beroker en sy assistente nie die wetlike vereistes nakom nie, kan dit tot groot finansiële eise lei.

Dit is om dié rede dat werkgewers unieke indiensnemingskontrakte opstel met hul werknemers wat vir die beroking van hul graan en oliesade verantwoordelik is. Indien 'n werknemer byvoorbeeld tydens die beroking van graan en oliesade nie die vereiste beskermende klere en toerusting dra nie, behoort dit tot die onmiddellike ontslag van die gekontrakteerde werknemer te lei. Die werknemer onderwerp die besigheid, personeel en bestuur aan groot risiko deur die wetlike riglyne te verontagsaam.

Die toename in die verkeerde hantering van chemiese middels wat in die beroking van graan en oliesade gebruik word, noop die bedryf om streng op te tree. Agbiz Grain, CropLife SA en die Suid-Afrikaanse plaagbekampingsvereniging (Sapca) gaan saam daarop klem lê om diegene wat opleiding verskaf wat nie aan die wetlike standaarde voldoen nie, vas te vat.

'n Verdere stap gaan wees om seker te maak dat die beskikbare berokingsmiddels vir die opbergingssektor beskikbaar bly deur te voorkom dat die produkte die gevaar loop om gederegistreerde te word. Bogenoemde organisasies beywer hulle daarvoor dat chemiese berokingsmiddels, soos fosfiengenereerders en sulfurielfluoried, net gebruik kan word deur voldoende op-

geleide en kundige plaagbekampingsoperateurs in diens van geregisteerde voedselbesigheidsoperateurs.

Produsente wat graan en oliesade vir eie gebruik opberg en wat nie as 'n voedselbesigheidsoperateur geregistreer is nie, behoort nie toegang tot bogenoemde te hê sonder 'n gekontrakteerde plaagbekampingsoperateur om dit toe te dien nie.

### Vereistes vir operateurs

Die toesighouer van die nuwe aansoeker wat vir drie jaar as plaagbekampingsoperateur geregistreer wil word, moet bevestig dat die aansoeker se kwalifikasie en toepaslike ondervinding voldoende is.

Die toesighouer moet self 'n geregisteerde plaagbekampingsoperateur wees wat 'n afskrif van sy erkende opleiding en ervaring kan verskaf. Die nuwe aansoeker moet bewyse kan lewer dat hy of sy minstens ses maande lank onder toesig van sy opgeleide onmiddellike toesighouer berokingsmiddels toegedien het. Daarby moes hy of sy vir twaalf maande toepaslike ondervinding opgedoen het.

Regulasie 2(3)(c) vereis ook dat die aansoeker 'n kursus aan 'n geakkrediteerde opleidingsinstelling suksesvol moes voltooi het. Die aansoeker se ervaring moet deur 'n beëdigde verklaring gestaaf kan word.

Die registrasie sal vir drie jaar geldig wees. Plaagbekampingsoperateurs moet vaardig wees in die uitvoering van hul pligte om hul registrasiesertifikaat te behou, en kan enige tyd vir bekwaamheid getoets te word. **LBW**

*Wessel Lemmer is die hoofbestuurder van Agbiz Grain.*